# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## **Nuus**brief **News**letter

1 | 2025
24 | 01| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Sat 25 Jan: Atletiek. HS Stellenberg byeenkoms
Ma 27 Jan: Cum Laude akademiese prysuitdeling
Gholf ligawedstryd (Hermanus)
Sat 1 Feb: Atletiek interskole (Caledon)
Gr 12 van 2024 Distrik Prysuitdeling (Caledon)

## PERSONEEL

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeellede.
Ons glo hulle is al behoorlik ingeburger en trotse BD-onnies.



Kyla Neethling (Afrikaans)



Ilze Baatjies (RTT)



Sebastiaan Nieuwoudt (IGO)



Ella Smith (English)



Franci Knox (English)



Danlin Manuel (Toerisme)



Christiaan Engelbrecht (studentonderwyser)

## GOEIE NUUS!

- Ons RTT klas kry in Februarie 35 nuwe rekenaars by die WKOD. Die bestaande rekenaars word deur die WKOD aan 'n ander skool geskenk.
- Our school's Robotics was chosen as one of a few schools in the Western Cape to go into "partnership" with a school in Britain. (More information on the last page.)

## JAARTEMA: VOETSPORE

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

1 Jan: Me Sanna Prins
3 Jan: Me Mariana Wessels (admin)
5 Jan: Mnr Danlin Manuel
18 Jan: Mnr Dolf Lewis (terrein)










## DIE GR 8 BD'S SÊ DANKIE

Ons is baie dankbaar vir ons hardwerkende matriekraad wat ure se werk ingesit het om ons graad 8-verwelkoming ń sukses te maak.

We applaud your dedication and leadership.

## MATRIEK 2024 – UITSLAE

Aantal kandidate: 106
Slaagsyfer: 99,1%
Aantal vakonderskeidings: 119
B-kandidate: 26

Baccaleursgraadtoelating: 87.70%
Klasgemiddeld: 63,80%
A-kandidate: 10

Baie geluk met jul uitstekende uitslae, matrieks van 2024! Ons waardeer jul harde werk en toewyding.

Baie dankie aan die toegewyde onderwysers en ondersteunende ouers wat beslis tot hul sukses bygedra het.




## WELCOME GR 8 OF 2025

The grade 8 learners saw the end of their welcoming period and officially joined the BD family on Monday, 20 January.

They performed their grade 8 dance, added their bee to a hive, got to put on their school blazers for the first time and sang the school song - not once, but twice! Each grade 8 also rang the small bell, marking the beginning of their journey at Bredasdorp High School. These same grade 8 learners will ring the big bell in five years to mark the end of their school journey.

Welcome, grade 8s! We can't wait to see what your future as a BD brings.



## KLEURE-ATLETIEK 2025: UITSLAE

- Beste atlete per item:

Naellope (100m, 200m en 400m) – Alicia Mukaratirwa (400m, Do.15, 1:04.4)
Middel- en langafstande (800m, 1500m, 3000m) – Rémy Wessels (800m, Do.17, 2:48,43)
Hekkies (kort/lang hekkies) – Christelize Kotze (300mH, Do.15, 53.7s)
Gewigstoot (GS) – Mirrah Janse van Rensburg (Do.19, 7.73n)
Skyfwerp (Diskus) – Carli Wessels (Do.14, 25,44m)
Spiesgooi – Melo Dlamini (Do.17, 30,31m)
Hoogspring – Llewelyn Gabriels (So.17, 1,65m)
Verspring – Gervinnio Stuart (So.14, 5,37m)

- ASA Beste prestasie

| SEUNS | DOGTERS |
| --- | --- |
| o.14 Gervinnio Stuart, VS | Carli Wessels, DG |
| o.15 Zac de Jager, 3000m | Alicia Mukaratirwa, 400m |
| o.17 Llewelyn Gabriels, VS | Rémy Wessels, 400m |
| o.19 Jaco Henning, DG | Mirrah Janse van Renburg, GS |

- Beste prestasies

*Villet & De Wet*
Junior Victrix Ludorum (Do.14 & Do.15): **Christelize Kotze**

*Potgieter*
Junior Victor Ludorum (So.14 & So.15): **Gevinnio Stuart**

*Hamman*
Senior Victrix Ludorum (Do.17 & Do.19): **Rémy Wessels**

*Dickason*
Senior Victor Ludorum (So.17 & So. 19): **Waylon Abrahams**



Agter vlnr: Carli Wessels, Gervinnio Stuart, Llewelyn Gabriels, Jaco Henning
Voor vlnr: Alicia Mukaratirwa, Zac de Jager, Rémy Wessels, Mirrah Janse van Rensburg





**Baie dankie aan *HF Fotografie* vir die skenk van hul Kleuresportfoto's.**

**NOORD-BOLAND GHOLFLIGA**
Die BD's se A en B-gholfspanne het op 20 Januarie in Robertson in die Noord/Suid-Boland ligabyeenkoms teen Worcester Gimnasium, HS Hermanus, HS Robertson, HS Montagu, HS Swellendam en HS Charlie Hofmeyr, gespeel. Bredasdorp se punte is aangeteken deur Edmund O'Ehley (19), Kevin Goliath (17), Alexander Janse van Rensburg (14),Matthew Brooks (15), Zander Niemand (10), Jaco van Dewenter (9) en Damian Hans (7). Ten spyte van 'n stormsterk wind, het die BD-gholfers hulle goed van hulle taak gekwyt.



VLNR: Chris Kotze, Jaco van Dewenter, Damian Hans, Matthew Brooks, Alexander Janse van Rensburg, Kevin Goliath, Zander Niemand, Edmund O'Ehley

**FIETSRY**
André Smit, gr 10, is 'n BD wat die fietsspeke behoorlik kan laat sing. Hy het gedurende die naweek van 11 en 12 Januarie aan die WP Padfiets-kampioenskappe in Oudtshoorn deelgeneem. Hy het die Saterdag 4de in die o.17 Time Trials van 20 km geëindig. Die volgende dag het hy die padwedren van 80 km aangepak en 'n mooi 10de plek behaal.Ons is baie trots op hierdie toegewyde fietsryer.



**JUKSKEI**



Die BD's spog graag met 'n SA Jukskeikampioen in hulle midde. Markus de Villiers, gr 12, het gedurende die Desember-vakansie aan die SA Jukskeikampioenskappe in Kroonstad deelge-neem en 'n goue medalje in die dubbelspel verower. Markus is nie net in die SA Akademiese span opgeneem nie, maar ook aangewys as kaptein.
Voorwaar 'n puik prestasie waarop ons baie trots is.

**TERM THEME**
Feet on the ground

**ONDERWATERHOKKIE**
Ons is baie trots op hierdie groep leerders wat Saterdag, 18 Januarie, aan Boland se onderwaterhokkieproewe in Somerset-Wes deelgeneem het.
Al die leerders het hul harte uitgespeel en die dag positief en vol energie aangepak. Nou is dit net asemophou vir die uitslae!



Baie dankie aan me Nuwie van der Walt en dr Isaac Pretorius wat by die skoolspan betrokke is.



**TENNISUITSLAE: WOENSDAG, 22 JANUARIE 2025, WORCESTER**

- **HSB3 vs HTS Drostdy4**

Seuns verloor 2-4
Dogters verloor 1-5

- **HSB1 vs HTS Drostdy2**

Dogters speel gelyk 3 elk
Seuns wen in punte

- **HSB2 vs HS Robertson2**

Dogters verloor 1-5
Seuns verloor 0-6

**KWARTAALTEAM**
Voete op die grond




**An exciting partnership with a STEM school in the UK**

Bredasdorp High School has been selected to partner with High Tunstall College of Science in Hartlepool in the UK. A total of 7 secondary schools have been selected, 2 from Gauteng, 1 from Mpumalanga, KZN, Free State, Limpopo and Bredasdorp High School from the Western Cape.

Our partner school is regarded as strong on STEM subjects which will benefit us. The Tunstall College of Science is in Durham County which is the home of the well known Durham University, which is rated in the top 100 in the world.

The idea of the partnership is to advance the learners' knowledge of STEM careers, they will develop cultural relationships, interact with a "faraway friend" and enjoy learning through an international curriculum.

The project is sponsored by the FI, and involves 700 schools from countries such as UK, India and South Africa. The project will take 3 months to complete during which time we will have four webinars and numerous web calls between the schools. This is a very exciting opportunity for the learners in our school.

Voetspore
2025

nexus
packtown
food and packaging suppliers
AGRIMARK
OVERBERG
WEALTH & RISK MANAGEMENT
JEB CONNECT
STAR SIGNS
Soetmuisberg
Farm Stall
Pizzaria
HEUNINGBERG MEDICAL
LBF LUTTIG BADENHORST FOURIE
Prokureurs | Attorneys
ROLA TOYOTA
CHAS EVERITT
KING CHICKEN
MONEY WELL SPENT
InteliGro
intelligent crop solutions
OJ PLANT HIRE
OVERBERG
SPECIALITY FOODS
ASC LABORATORIES
AFRI POINT PLUMBING & GAS
078 832 6413
SINCE 1918
OVERBERG
bvsa
Meer as net syfers!
ROLA Ford
Harcourts
Cape Agulhas
Gemini Alu
SUPERSPAR
BREDASDORP